

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Basson v S (A413/2006) [2011] ZAWCHC 537 (1 April 2011)

[2011] ZAWCHC 537

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

N C Erasmus, Samela

CASE / FILE NUMBER

A413/2006

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: A41 3/2006

DATUM: 1 APRIL 2011

In die saak tussen:

ANTON BASSONAppellant

En

DIE STAATRespondent

UITSPRAAK N C ERASMUS, R: Hierdie is 'n aansoek om verlof tot appel teen 'n uitspraak deur ons gelewer op 25 Mei 2010. Dit is vandag die 1ste April 2011. Dit blyk dat die kennisgewing van aansoek om verlof tot appel tydig deur die appellant geliasseer was en beteken was op beide die griffier van hierdie Hof en die Direkteur van Openbare Vervolging. Erens in die administrasie het die stukke verlore gegaan. Dit is 'n praktyk, wat blyk ons, die norm geraak het in hierdie hof. Dit is 'n praktyk waar daar nie aandag geskenk word aan die prosessering van sake nie, wat die regspleging in oneer bring en dit is 'n praktyk waarna, na ons mening, die DOV en die administrasie by die howe ernstige aandag moet geskenk word. Die publiek verwag dat wanneer daar 'n appel gehanteer is en 'n persoon, soos in hierdie geval, wat 'n hoe profiel aangeleentheid is, gevangenisstraf opgele is dat hy sy vonnis moet begin uitdien, alternatiewelik dat die proses so spoedig moontlik afgehandel word. In hierdie geval is die appellant gevonnissen in die streekhof in September 2004 - vyf en 'n half jaar gelede. Die appel is feitlik 'n jaar gelede afgehandel. Daardie vertraging tussen 2004 en 2010 is ook nie verduidelik nie. Dit net ter inleiding. In soverre dit die aansoek om verlof tot appel aanbetref, het ons kortliks in ons uitspraak gehandel met dit waaroor

dit hier gaan. Dit is niks anders as 'n suiwer feitebevinding nie. Die objektiewe feite was feitelik gemene saak. Dit is die verduideliking oor hoe daar te werk gegaan was wat die Verhoorhof moes ondersoek en wat tot ons aandag was en ten opsigte van dit het beide die Verhoorhof en onself gelaat met geloofwaardigheidsbevindings. Dit word nie ernstig aangeval of selfs op appel en ook nou in hierdie aansoek dat die appellant 'n swak getuie was en dat sy getuienis verwerplik was. Na my mening is daar geen kans op sukses vir 'n appel en dat 'n ander hof op die feite tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie. Ek neem aan dat die appellant sy reg sal uitoefen om 'n petisie aan die President van die Hoogste Hof van Appel te loods. Sodanige

petisie moet binne 21 (een-en-twintig) dae geloods word. In die tussentyd is die appellant nog op waarskuwing en ten einde daardie

proses te reel en dat dit reelmatig geskied en dat ons nie onnodige verdragings weer kry nie, is ek van voornemens om ook 'n bevel te maak oor die verdere regulering van daardie proses. Die aansoek om verlof tot appel word derhalwe van die hand gewys. Die appellant, indien hy begerig is om 'n petisie aan die Hoogste

Hof van Appel te rig, moet hy dit binne 21 (een-en-twintig) dae van vandag doen. Indien hy sou versuim om daardie aansoek binne die tydperk te loods, moet hy binne 48 (agt-en-veertig) uur na die verstryking van daardie tydperk, by die griffier van die hof aanmeld sodat die proses kan begin vir sy gevangenissetting. Indien hy sou binne tyd sy aansoek om petisie loods en sodanige aansoek onsuksesvol is na die Hoogste Hof van Appel of die appel

afgewys word by aanhoor daarvan, moet hy binne 48 (agt-en-veertfg) uur nadat hy in kennis gestel is deur of die DOV of die griffier van die hof, aanmeld vir die uitdien van sy vonnis. Dit is die bevel van die Hof. N.C. ERASMUS R SAMELA, R: Ek stem saam. SAMELA, R

UITSPRAAK

N C ERASMUS, R:

Hierdie is 'n aansoek om verlof tot appel teen 'n uitspraak deur ons gelewer op 25 Mei 2010. Dit is vandag die 1ste April 2011. Dit blyk dat die kennisgewing van aansoek om verlof tot appel tydig deur die appellant geliasseer was en beteken was op beide die griffier van hierdie Hof en die Direkteur van Openbare Vervolging. Erens in die administrasie het die stukke verlore gegaan. Dit is 'n praktyk, wat blyk ons, die norm geraak het in hierdie hof. Dit is 'n praktyk waar daar nie aandag geskenk word aan die prosessering van sake nie, wat die regspleging in oneer bring en dit is 'n praktyk waarna, na ons mening, die DOV en die administrasie by die howe ernstige aandag moet geskenk word.

Die publiek verwag dat wanneer daar 'n appel gehanteer is en 'n persoon, soos in hierdie geval, wat 'n hoe profiel aangeleentheid

is, gevangenisstraf opgele is dat hy sy vonnis moet begin uitdien, alternatiewelik dat die proses so spoedig moontlik afgehandel word.

In hierdie geval is die appellant gevonnissen in die streekhof in September 2004 - vyf en 'n half jaar gelede. Die appel is feitlik 'n jaar gelede afgehandel. Daardie vertraging tussen 2004 en 2010 is ook nie verduidelik nie. Dit net ter inleiding.

In soverre dit die aansoek om verlof tot appel aanbetref, het ons kortliks in ons uitspraak gehandel met dit waaroor dit hier gaan. Dit is niks anders as 'n suiwer feitebevinding nie. Die objektiewe feite was feitlik gemene saak. Dit is die verduideliking oor hoe daar te werk gegaan was wat die Verhoorhof moes ondersoek en wat tot ons aandag was en ten opsigte van dit het beide die Verhoorhof en onself gelaat met geloofwaardigheidsbevindings. Dit word nie ernstig aangeval of selfs op appel en ook nou in hierdie aansoek dat die appellant 'n swak getuie was en dat sy getuienis verwerplik was. Na my mening is daar geen kans op sukses vir 'n appel en dat 'n ander hof op die feite tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie.

Ek neem aan dat die appellant sy reg sal uitoefen om 'n petisie aan die President van die Hoogste Hof van Appel te loods. Sodanige

petisie moet binne 21 (een-en-twintig) dae geloods word. In die tussentyd is die appellant nog op waarskuwing en ten einde daardie

proses te reel en dat dit reelmatig geskied en dat ons nie onnodige vertragingen kry nie, is ek van voornemens om ook 'n bevel te maak oor die verdere regulering van daardie proses.

Die aansoek om verlof tot appel word derhalwe van die hand gewys. Die appellant, indien hy begerig is om 'n petisie aan die Hoogste

Hof van Appel te rig, moet hy dit binne 21 (een-en-twintig) dae van vandag doen. Indien hy sou versuim om daardie aansoek binne die tydperk te loods, moet hy binne 48 (aght-en-veertig) uur na die verstryking van daardie tydperk, by die griffier van die hof aanmeld sodat die proses kan begin vir sy gevangenissetting.

Indien hy sou binne tyd sy aansoek om petisie loods en sodanige aansoek onsuksesvol is na die Hoogste Hof van Appel of die appel

afgewys word by aanhoor daarvan, moet hy binne 48 (aght-en-veertig) uur nadat hy in kennis gestel is deur of die DOV of die griffier van die hof, aanmeld vir die uitdien van sy vonnis.

Dit is die bevel van die Hof.

N.C. ERASMUS R

SAMELA, R: Ek stem saam.

SAMELA, R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2011/537.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/basson-v-s-unknown-topic-awchc-2011>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria